SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: HT Lochner

Universiteit: UNISA

Meesters: | **Doktoraal:** X | **Postdok:**

Studierigting: Polisiekunde

Titel van proefskrif of Verhandeling: DIE GEBRUIK VAN MODUS OPERANDI-INLIGTING VAN GEVONNISDE KONTANT-IN-TRANSITO-ROWERS IN DIE ONDERSOEK VAN KONTANT-IN-TRANSITO-ROWE

Datum van afhandeling: Februarie 2016 **Uitslag:** Slaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Daar was bevind dat die inligting wat gevonnisde kontant-in-transito-rowers wat gevangenisstraf uitdien, in die ondersoek na misdaad gebruik kan word. Daar is ook bepaal watter inligting ten opsigte van modus operandi-inligting in die ondersoek na kontant-in-transito-rowe gebruik kan word.

Dit is ’n feit dat daar in die Suid-Afrikaanse opset nie ’n klinkklare funksionele modus operandi-stelsel bygehou word nie en dus het die navorsing dit ten doel gehad om deur middel van ’n beskrywende literatuurstudie (wat uit internasionale en nasionale bronne bestaan) te bepaal wat die waarde van ’n doeltreffende modus operandi-stelsel is. Om hierdie doelwit te kon bereik, is die historiese oorsprong in die gebruik van modus operandi en ’n modus operandi-stelsel ondersoek. Die handelingskenmerke van modus operandi in al drie die fases (voor, tydens en na) was uitgelig en daar was ook verwys na watter inligting in ’n modus operandi-stelsel aangeteken behoort te word. ’n Verdere mikpunt was om deur middel van die literatuurstudie te bepaal watter getuienis en ondersoekwaarde modus operandi-inligting bevat. Die studie verwys na die gebruik van modus operandi as deel van die leerstelling van soortgelyke getuienis in howe en die verband tussen die twee begrippe vorm deel van die argument.

Daar word breedvoerig geargumenteer dat die handelingskenmerke van die kontant-in-transito-rower gebruik kan word in die identifisering van die misdadigers. Bykomend tot die bespreking van die handelingskenmerke, word die faktore wat ’n invloed op modus operandi het, uitgewys en bespreek. Die navorsing voeg ’n verdere dimensie by deur die bespreking van die beplanningsfase voor die uitvoer van die misdaad en daar word geargumenteer dat die beplanningsfase van ’n kontant-in-transito-rooftog voorafgegaan word deur ’n ontwikkelingsfase. Die bespreking wys hoe die ontwikkelingsfase na die beplanningsfase oorvloei.

Daar is intensiewe en deeglike onderhoude met kontant-in-transito-rowers wat tans gevangenisstraf in korrektiewe sentra in Gauteng en die Limpopo Provinsie uitdien, gevoer. ’n Volledige profiel van die kontant-in-transito-rower wat in aanhouding in sekere provinsies is, is bepaal. Die modus operandi van die geselekteerde kontant-in-transito-rower in elke fase van die modus operandi is saamgestel.

Daar is bepaal tot watter mate die geselekteerde kontant-in-transito-rowers bereid is om inligting oor die modus operandi van die rooftogte te verskaf wat gebruik kan word in die ondersoek na kontant-in-transito-rowe.
Daar is vasgestel aan wie die betrokke kontant-in-transito-rower bereid is om inligting te verskaf.

Die studie bied ook ’n basiese raamwerk waarvolgens modus operandi vir kontant-in-transito-rooftogte deur ondersoekbeamptes van kontant-in-transito-maatskappye en die polisie in hulle ondersoeke gebruik kan word. Hierdie studie dui ook aan watter modus operandi-inligting aangeteken kan word om ’n kontant-in-transito-rower te identifiseer.

’n Bydrae tot die grondslagvormende kennis van polisiëring, en spesifiek tot die gebruik van modus operandi in die ondersoek na kontant-in-transito-rowe, word in die studie aangebied.